



MOULOSE ROKKIE

BENODIGDHEDE: 13(14; 15) bolle Twilley's Lyscordet Nr. 5 (25-g-bolle); hekelpen van 2,50 mm en 3 mm; ritssluiters van 15 cm; rekgaring.

MATE: Om borsmaat van 56(61; 66) cm te pas; lengte 43(49; 55) cm.

SPANNING: 8 hlb in 6 rye = 2,5 cm oor lyfie; 2 herhalings van patroon is ongeveer 8 cm; 1 voltwoide herhaling van 10 rye = 10 cm oor romppatroon.

AFKORTINGS: Raadpleeg kassie op bl. 85.

ROMP: Word vanaf middel gehekel. Begin

met 3,00-mm-hekelpen en 114ks.

1e ry: VK, 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in elke ks tot einde, 1 draai-ks.

2e ry: RK, *1kb in elk van vlg 6 ste, 10ks, gs in 3e van 10ks, draai; 5ks, (1lb in ring, 3ks) 4 keer, nog 1lb in ring, 1ks, draai; (1kb, 1hlb, 1lb) in 1e sp, 1gs in 1e kb aan beg van werk, nog (1lb, 1hlb, 1kb) in dieselfde 1e sp, (1kb, 1hlb, 2lb, 1hlb) in elk van vlg 4sps, 1kb in ring, 2kb oor eerste 2ks (die steeltjie), 5kb in vlg 5lb van basisry; herh vanaf * maar verbind daaropvlg blomme na 2e lb van 2e sp met gs aan 2e lb van 5e sp van vorige blom. Eindig ry met 1kb in draai-ks, 4ks, 1kb tussen die 2lb van 5e sp; 7ks.

3e ry: *3ks, 1kb tussen 2lb van 4e sp, 4ks, 1kb tussen 2lb van 3e sp, 2 ks; herh van *, eindig met 1 viersl in 2e lb van 2e sp, 1ks, draai.

4e ry: *2kb in ks-sp, 1kb in kb, 4kb in ks-sp,

VIR

Elke ma put diep bevrediging
daaruit om haar kind netjies aan-
getrek te sien in klere wat sy self
gemaak het. Die patrone op hier-
die blaaie sal die hande sommer
laat jeuk om die breinaalde of
hekelpen op te neem

1kb in kb, 3kb in ks-sp; herh van * eindig met 1kb in 7e draai-ks, 3ks.

5e ry: Begin in 2e st: *1lb in elke kb tot einde, 1lb in draai-ks, 3ks, draai.

6e ry: (1lb, 2ks, 1lb) — d.w.s., 1gp — in 3e ks vanaf beg; *1gp in elke daaropvlg 4e lb; herh tot einde, eindig met 1lb in draai-ks, 4ks, draai.

7e ry: 1lb in dieselfde st as 3 draai-ks; *1gp in gp; herh van * tot einde, eindig met (1lb, 1ks, 1lb) in draai-ks, 3ks, draai.

8e ry: 3ks, *gp in gp tot einde van ry, eindig met 1lb in draai-ks.

9e ry: Soos 7e ry.

10e ry: Soos 8e ry.

11e ry: 3ks, 1lb in 1e lb van gp, 2lb in ks, 1lb in 2e lb van gp, vermeer terselfdertyd, 22 ste eweredig gespaseer oor die ry, eindig met 1 draai-ks.

12e ry: Soos 2e ry (12 blomme).

Herh 3e tot 11e ry.

Vlg ry: Soos 2e ry (14 blomme).

Herh 3e tot 11e ry.

Eerste grootte: Hekel 1 ry kb en heg af.

Tweede en 3e grootte: Vlg ry: Soos 2e ry (16 blomme).

Slegs 2e grootte: Herh 3e tot 5e ry. Hekel 1 ry kb en heg af.

Slegs 3e grootte: Herh van 3e tot 11e ry, hekel 1 ry kb en heg af.

VOORPANT: Soos uiteengesit vir agterpant.

LYFIE: VOORPANT: Met 2,50-mm-hekelpen, hekel 93(100; 107)ks.

1e ry: 1hlb in 3e ks vanaf hekelpen, 1hlb in elke ks tot einde — 91(98; 105)hlb.

2e ry: 2ks, 1hlb in elke hlb tot einde.

Herh 2e ry nog 3 keer.

Armsgatvorming: Vlg ry: gs oor 3(4; 5) ste, hekel tot laaste 3(4; 5) ste, draai. Vermin nou 1 st aan weersk van vlg 8(9; 10) rye.

Hekel voort oor 69(72; 75) ste tot mousgate 9(10; 10) cm lank is vanaf beg, reguit gemeet.

Halsvorming: Vlg ry: Hekel oor 29(30; 31) ste, draai, voltooi dié kant afsonderlik.

**Vermin 2 ste aan halsrand in vlg 4 rye (d.w.s., gs oor die ste wat vermin word, of laat hulle ongewerk). Hekel voort oor 21(22; 23) ste tot armsgat 11(13; 13) cm lank is vanaf beg, eindig aan armsgatrand.

Skouervorming: Vlg ry: gs oor 7(8; 9) ste, hekel tot halsrand.

Vlg ry: Hekel tot laaste 7 ste, draai.

Vlg ry: gs oor 2 ste, en heg af**.

Slaan middelste 11(12; 13) ste oor en heg garing aan vlg st vas. Hekel oor oorbl 29(30; 31) ste en voltooi tweede helfte soos eerste

DIE KLEINSPAN

van ** tot **, alle vormings omgekeerd.

AGTERPANT: Eerste 2 rye soos voorpant. **Verdeel vir ritssluiteroening:** 3e ry: Pat oor 45(49; 52) ste, draai, en voltooi eerste kant tot armsgat.

Armsgatvorming: Vlg ry: gs oor 3(4; 5) ste, hekel tot halsrand. Vermin hierna 1 st aan armsgatrand in vlg 8(9; 10) rye. Hekel voort oor 33(36; 37) ste tot armsgat so lank is soos voorpant tot skouer, eindig aan armsgatrand.

Skouervorming: Vlg ry: gs oor 7(8; 9) ste, hekel tot halsrand.

Vlg ry: Hekel tot voorlaaste 7 ste, draai.

Vlg ry: gs oor 7 ste, hekel 12(14; 14) ste pat en heg af***.

Heg garing vas aan halsrand en vermin 1lb slegs vir 1e en laaste grootte. Heke! tot einde oor 45(49; 52) ste.

Herh daarna van *** tot *** soos eerste skouer, alle vormings omgekeerd.

KRAAG: Met 2,50-mm-hekelpen hekel 92(92; 103) ks en pat 2 rye, eindig met 1kb in draai-ks — 8(8; 9) blomme in ry. Heg af.

AFWERKING: Pars dele aan VK onder klam lap met 'n matig warm strykster. Werk rompnate toe. Ryg effens in aan opstelkant en werk opstelkant van romp aan lyfie vas. Werk sy- en skouernate van lyfie toe. Werk kraag aan halsrand vas, beg en eindig by ritssluiteroening. Werk blomme aan rugopening vas. Werk ritssluiters in en pars alle nate.

Met 2,50-mm-hekelpen hekel 1 ry kb oor mousgatrand. Draai en hekel nog 1 ry kb. Werk af. Pars rande. Ryg rekging aan VK kant deur middelnaat. Soom voering en vangsteek aan middelnaat vas (indien verlang). Laat romp los hang en pas voering by lengte van romp aan. Pars voering.

LANGMOUROKKIE

BENODIGDHEDE: 10 (11; 12; 13) bolle Twilley's Lyscordet Nr. 5, (25-g-bolle); hekelpen van 2,50 mm: 3 knopies.

Let wel: Dit is raadsaam om genoeg garing te koop om kledingstuk te kan voltooi, want kleurlotte verskil soms.

MATE: Om borsmaat van 51(56; 61; 66) cm te pas; lengte 36(41; 46; 51) cm; mounaat 16(20; 24; 28) cm.

SPANNING: 7,5lb en 3,5 rye = 3 x 3 cm oor langbene. Hekel 'n toetsvierkant en indien spanning verskil, slaan oor na groter of kleiner hekelpen.

AFKORTINGS VIR ALBEI ROKKIES:
beg - begin; ks - kettingsteek; kb - kortbeen;
lb - langbeen; stel lb - soveel opeenvolgende langbene soos genoem; hlb - halflangbeen;
dsl - dubbelslagsteek; viersl - vierslagsteek;
osk - oop skulp (soos uiteengesit waar van toepassing); ks-sp - kettingsteekspasie;
sp(s) - spasie (spasies); pat - patroon; herh - herhaal; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant.

LYFIE: VOORPANT: Skouerstuk: Begin met 79(87; 95; 103)ks.

Basisry: 1kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1kb in elke ks tot einde — 78(86; 94; 102) ste.

Vlg ry: 3ks vir 1e lb, slaan 1e st oor en hekel 1lb in elke st tot einde.

Vlg 2 rye: Deurgaans lb.

Mousgatvorming: Vlg ry: gs oor eerste 4lb, 3ks, hekel lb tot laaste 4lb, draai — 70(78; 86; 94) ste.

Heke! deurgaans lb tot werk 8(9; 11; 12) cm lank is vanaf beg van mousgatvorming.

Halsvorming: Vlg ry: 3ks, 24(27; 30; 33)lb, draai. Hekel slegs op dié ste voort.

Vermin 1lb aan halsrand van vlg 3 rye.

Skouervorming: Vlg ry: gs oor eerste 11(12; 13; 14)lb, 3ks, hekel 10(12; 14; 16)lb tot einde. Knip garing af en werk af.

Slaan middelste 20(22; 24; 26) ste oor vir halsrand van voorpant. Heg garing aan

binnerand van oorbl 25(28; 31; 34)lb en voltooi om met eerste kant ooreen te stem, alle vormings omgekeerd.

AGTERPANT: Skouerstuk: Soos skouerstuk van voorpant tot werk 1(3; 4; 5) cm lank is vanaf beg.

Verdeel vir rugopening: 3ks, 34(38; 42; 46)lb, draai.


Heke! voort oor dié ste tot werk 11(13; 14; 15)cm lank is vanaf beg, eindig aan mousgatrand.

Skouervorming: Vlg ry: gs oor eerste 11(12; 13; 14)lb, 3ks; hekel lb tot einde van ry.

Vlg ry: 3ks, 12(13; 14; 15)lb, draai en knip garing af.

Voltooi tweede kant om met eerste ooreen te stem, alle vormings omgekeerd.

BLAAI OM



LANGMOUROKKIE

VAN BLADSY 85

ROMP: Werk synate van skouerstuk toe. Met RK voor, beg by synaat en hekel 1kb in elke st van ks-rande rondom albei dele — 156(172; 188; 204)ste.

Vlg rondte: 1ks, 1kb in elk van eerste 12(12; 20; 12) ste, *2kb in vlg kb, 1kb in elk van vlg 11(7; 5; 16)kb; herh van * tot einde.

Basisrondte vir sierpatroon: 3ks (vir 1e lb), slaan 1e st oor, 1lb in elk van vlg 2lb, *3ks, slaan 3 ste oor, 1kb in vlg st, 3ks, slaan 3 ste oor, 1lb in elk van vlg 5 ste; herh van *, eindig met 2lb, gs in bopunt van 3ks.

1e pat-rondte: 3ks, 2lb, *7dsl in vlg kb, 5lb; herh van *, eindig met 2lb, gs in bopunt van 3ks.

2e pat-rondte: 3ks, 2lb, *3ks, 1kb in middelste van 7dsl, 3ks, 5lb; herh van *, eindig met 2lb, gs in bopunt van 3ks.

Dié 2 rondtes vorm die skulp-pat. Hekel nog 3 rondtes skulp-pat. **

Vlg rondte: 3ks, 2lb in vlg lb, 1lb, *3ks, 1kb in middelste dsl van 7dsl, 3ks, 1lb, (2lb in vlg lb, 1lb) 2 keer; herh van *, eindig met 1lb, 2lb

in vlg lb, gs in bopunt van 3ks.

Vlg rondte: 3ks, 3lb, *7dsl in vlg kb, 7lb; herh van *, eindig met 3lb, gs in bopunt van 3ks.

**Hekel pat met 7lb tussen skulpe i.p.v. 5lb, tot werk 28(30; 33; 36) cm lank is vanaf skouer, eindig met 'n 1e pat-rondte (met 7dsl).

Vlg rondte: 3ks, 1lb, 2lb in vlg lb, 1lb, *3ks, 1kb in middelste van 7dsl, 3ks, 1lb, 2lb in vlg lb, 3lb, 2lb in vlg lb, 1lb; herh van *, eindig met 1lb, 2lb in vlg lb, 1lb, gs in bopunt van 3ks.

Vlg rondte: 3ks, 4lb, *7dsl in vlg kb, 9lb; herh van *, eindig met 4lb, gs in bopunt van 3ks.

Hekel pat, met 9lb tussen dsl-paneel tot werk 36(41; 46; 51) cm lank is vanaf skouer, eindig met 'n 1e pat-rondte (met 7dsl). Pas lengte hier aan, indien verlang. Knip garing af en heg af.

MOUE (2): Word begin by moukop met 62(74; 74; 86)ks.

Basisry: 1lb in 4e ks vanaf hekelpen, 1lb in

elke ks tot einde, gs in bopunt van 3ks aan beg van ry om 'n rondte te vorm.

Hekel voort in rondtes, die pat-basisry soos romp, daarna 1e en 2e pat-rye tot werk 9(10; 11; 13) cm lank is vanaf beg van rondtes, eindig met 'n 1e pat-rondte. Herh daarna van ** tot ** soos vir romp.

Hekel pat met 7lb tussen skulppaneel tot werk 16(20; 24; 28) cm lank is vanaf beg van rondtes, eindig met 'n 1e pat-rondte (met 7dsl).

Knip garing af en heg af.

Halsstrook: Werk skouernate toe. Beg aan linkerkant van rugopening en met RK voor, hekel kb oor halsrand tot regterkant van rugopening.

Hekel nog 4 rye kb en knip garing af.

Hekel daarna 2 rye kb oor rugopening, maak 3 knoopsgatlusse aan regterkant van opening in 2e ry. Knip garing af en heg af.

AFWERKING: Pars liggies. Werk moue in, werk synate van laaste 2 rye lb van moukop aan 4 mousgatrondte vas. Pars nate. Werk knope aan.



PIENK-EN-WIT STELLETJIE

Gebrei op 'n PASSAP Duomatic 80/s-breimasjen.

BENODIGDHEDE: Ongeveer 300 g Mirage Featherweight in hoofkleur en 'n paar gram in kontraskleur; lint vir versiering.

MATE: Om baba van ongeveer 1 jaar oud te pas.

SPANNING: 4¼/4.

AFKORTINGS: st(e) - steek(steke); vlg - volgende; pat - patroon; alt - alternatiewe; H - hoofkleur; K - kontraskleur; K/K - knit/knit (= 'n aanwysing op die breimasjen); rif - rifelsteek; herh - herhaal; weersk - weerskante; vermeer - vermeerder; vermin - verminder

ROKKIE

VOOR- EN AGTERPANT (eenders):

Met K, stel 50/50(60/60) ste op en K/K-rif en brei 4 rye.

Stel stoters in vir skulp-pat.

Met H, brei 8 rye AX, N. Met K, brei 2 rye.

Stel masjen in vir patroonsteek, slaan oor na H en brei 120/130 rye reguit.

Verstel slot na N/N en brei 4 rye. Brei 1 gaatjesry. Brei 4 rye.

Slaan oor na K en brei 2 rye; slaan oor na H en brei 2 rye; slaan oor na K en brei 2 rye.

Stel spanning op 3½ en brie 12(14) rye reguit.

Plaas ste oor vir 1: 1-rif en brei 12(14) rye.

Brei 'n gaatjesry en dan 4 rye teen S-3. Heg af.

Skulppatroon

	N
	8 rye AX
	8 rye AX
	4 rye N

Oranje drukstawe
Handvatsel af.

Instelling vir patroonsteke

Patroon vir rokkie en broekie

	N
	AX 2 rye
	AXO 2 rye

MOUE (2): Stel 45/45 ste op met K, stel masjen op K/K en brei 4 rye.

Stel in vir skulppatroon, slaan oor na H en brei 8 rye AX, 4 rye N; brei 2 rye met K.

Slaan oor na H, stel masjen op K/K en brei 14 rye, dan 1 gaatjesry, daarna 2 rye met K.

Stel masjen op AX, en brei 20 rye.

Stel sluiters op K/K en brei 6 rye H, 2 rye K, 2 rye H, 2 rye K.

Met H, brei 12(14) rye teen S-3½.

Stel in vir 1: 1-rif, S-3, brei 12(14) rye; 1 gaatjesry en daarna 4 rye reguit; heg af.

BROEKIE

Met H, stel 50(50) ste op in K/K, brei 10 rye rif, 1 gaatjesry, 10 rye rif.

Stel in vir patroonsteek en brei 80 rye.

Heg 6 ste af aan weersk van vlg 2 rye.

Vermin daarna 2 ste aan weersk van elke alt ry tot 14 ste oorbly.

Brei 20 rye reguit.

Vermeer 2 ste aan weersk van elke alt ry tot 48(48) ste, brei daarna 80 rye reguit.

Slaan oor na K/K en brei 10 rye, dan 1 gaatjesry, nog 8 rye reguit, 1 ry teen S-8 en heg af.

BROEKSPYPBOORDJIES: Tel ongeveer 58 ste op en plaas op agterste naaldkas vir rifelbroedjie onder om broekspype.

Stoot voorste leë naalde op, handvatsel af.

Met H, brei 8 rye K/K-rif; met K, 2 rye, dan een ry teen S-8 en heg af.

Tel steke vir 2e broekspypboordjie op dieselfde manier op en brei soos uiteengesit.

AFWERKING: Werk synate toe. Ryg rek deur gaatjesry van middelboord. Werk sy-en raglannate van rokkie toe en ryg lint deur gaatjes.

GEEL PAKKIE

BENODIGDHEDE: Patons Young Generation 4-draad (50-g-bolle), 100(125; 150) g hoofkleur (H): 1 bol elk in 2 kontraskleure (1K en 2K); 4 knopies vir truitjie; stuk rek wat om middel sal pas vir broekie; breinaalde van 2,25 mm en 2,75 mm.

MATE: Truitjie: Om borsmaat van 46(48; 51) cm te pas; synaat 15(16; 17) cm; lengte 24,5(26; 27,5) cm; mounaat 16,5(18,5; 20,5) cm; **Broekie:** Rondom breedste deel, 50(52,5; 55) cm; synaat, met riffelboordjie bygereken, 15(16; 17) cm.

SPANNING: 32 ste en 40 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 2,75-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; vermeer - vermeerder (deur twee keer in dieselfde steek te brei); vermin - verminder (deur twee steke saam te brei); ks - koussteek (een ry regs, een ry aweregs); gvt - garing vorentoe om 'n steek te maak; grn - garing rondom breinaald; gl - glip; rif - riffelsteek (een regs, een aweregs); weersk - weerskante; oorbl - oorblywende; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; vlg - volgende.

TRUITJIE

AGTERPANT: Met 2,25-mm-breinaalde stel 80(84; 88) ste op en brei 16 rye rif.

Slaan oor na 2,75-mm-breinaalde en ks; heg garing vas en knip af soos benodig. Begin met 'n r-ry en brei 4 rye H, 2 rye 1K, 2 rye 2K, 2 rye 1K, 2 rye H, 2 rye 1K, 2 rye 2K, 2 rye 1K; brei daarna voort met H.

Brei nog 30(34; 38) rye.

Mousgatvorming: Heg 4(5; 6) ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan weersk van vlg ry en daaropvlg 5 alt rye — 60(62; 64) ste.**

Brei 21(23; 25) rye ks.

Skouerafskuinsing: Heg 9 ste af aan beg van vlg 2 rye, daarna 9(9; 10) ste aan beg van daaropvlg 2 rye — 24(26; 26) ste.

Slaan oor na 2,25-mm-breinaalde en brei 14 rye rif vir halsstrook van agterpant. Heg af in rif.

VOORPANT: Soos uiteengesit vir agterpant tot **.

Brei 8(10; 12) rye ks.

Verdeel vir halsopening: Vlg ry: Brei 24(24; 25) ste aw en plaas dié ste op 'n reserwenaald vir agterskouer, aw 12(14; 14) en plaas op 'n stekehouer, aw tot einde en brei voort op hierdie laaste 24(24; 25) ste vir linkerskouer.

Linkerskouer: Vermin 1 st aan halsrand in elk van vlg 6 rye — 18(18; 19) ste.

Brei 6 rye ks — brei hier 7 rye wanneer regterskouer gebrei word.

Skouerafskuinsing: Heg 9 ste af aan beg van vlg ry.

Brei 1 ry, heg daarna oorbl 9(9; 10) ste af.

Regterskouer: Met RK voor, heg garing aan binnerand van ste op reserwenaald vas en brei soos uiteengesit vir linkerskouer, let op verskille.

MOUE: (2): Met 2,25-mm-breinaalde en H stel 40(42; 44) ste op en brei 15 rye rif.

Vermeer-ry: Rif 3(4; 5), vermeer, * rif 10, vermeer; herh van * nog 2 keer, rif 3(4; 5) — 44(46; 48).

Slaan oor na 2,75-mm-breinaalde en brei strepe, gaan daarna voort met H soos uiteengesit vir agterpant, vermeer 1 st aan weersk van 11e ry en daaropvlg 5(6; 7) 8e rye



GEEL PAKKIE

— 56(60; 64) ste.

Brei 3 rye ks.

Moukopvorming: Heg 4(5; 6) ste af aan beg van vlg 2 rye, heg daarna 2 ste af aan beg van vlg 14(16; 18) rye.

Heg oorbl 20(18; 16) ste af.

HALSSTROOK VIR VOORPANT: Met RK voor, heg H vas en met 2,25-mm-breinaalde tel op en r 16 ste aan ry-eindes van linkerhalsrand van voorpant, brei oor 12(14; 14) ste middelvoor, en laastens tel op en brei 16 ste aan ry-eindes van regterhalsrand van voorpant — 44(46; 46) ste.

Brei 14 rye rif en heg af in rif.

HALSSTROOK VIR AGTERPANT: (2 eenderse dele): Werk eers skouernate vir 3(3; 3,5) cm toe by mousgatkant, slaan dan voor- en agterpantstrok dubbel na VK om en glipsteek aan VK vas.

Met RK voor, heg H vas en met 2,25-mm-breinaalde tel op en r 18 ste oor rand van skoueropening en steek deur albei diktes van halsstrook. Brei 2 rye regs en heg af.

HALSSTROOK VIR VOORPANT (2 eenderse dele): Tel ste op soos vir agterpant en r 1 ry.

Knoopsgatry: r 5 vir linkeropening of r 2 vir regteropening, gvt, r2 tes, r 8, grn, r2 tes, r tot einde.

Brei nog 1 ry regs en heg af.

AFWERKING: Pars volgens aanwysings op papierverpakkingbandjie. Werk moue in. Werk sy- en mounate toe. Werk knope aan.

BROEKIE

Met 2,25-mm-breinaalde en H stel 80(84; 88) ste op vir voorpantrand van middel en brei 4 rye rif.

Gaatjiesry: * Rif 2, grn, aw2 tes; herh van * tot einde.

Brei 5 rye rif.

Slaan oor na 2,75-mm-breinaalde en ks, brei 46(50; 54) rye.

Om voorkant van broekspype te vorm: Heg 9(10; 9) ste af aan beg van vlg 2 rye, heg daarna 3 ste af aan beg van daaropvlg 12(12; 14) rye — 26(28; 28) ste.

Brei 12(14; 14) rye ks.


Om agterkant van broekspype te vorm: Stel 3(4; 3) ste op aan beg van vlg 2 rye, stel daarna 3 ste op aan beg van daaropvlg 16(16; 18) rye — 80(84; 88) ste.

Brei 44(48; 54) rye ks.

Vorming om ekstra lengte te verleen: 1e en 2e draai: r tot 8 ste oorby, vir 1e ry, draai; gl 1, aw tot 8 ste oorby, draai, vir 2e ry. **3e en 4e draai:** gl 1, r tot 14 ste oorby, draai, gl 1, aw tot 14 ste oorby, draai. **5e en 6e draai:** gl 1, r tot 20 ste oorby, draai, gl 1, aw tot 20 ste oorby, draai. **7e en 8e draai:** gl 1, r tot 26 ste oorby, draai, gl 1, aw tot 26 ste oorby, draai. **9e ry:** gl 1, r tot einde van ry.

Slaan oor na 2,25-mm-breinaalde en brei 5 rye rif, herh dan gaatjiesry wat aan begin

BLAAI OM



FAIR ISLE-PAKKIE

VAN BLADSY 87

uiteengesit is.

Brei nog 4 rye rif, heg dan af in rif vir middel van agterpant.

BROEKSPYPRIFELBOORDJIES (2): Met RK voor, heg garing vas en met 2,25-mm-breinaalde tel op en r 78(82; 88) ste rondom een broekspyprand en brei 14 rye rif. Heg af.

AFWERKING: Pars volgens aanwysings op papierverpakkingbandjie. Werk synate toe, werk oor riffelboordjies. Vou riffelboord dubbel na VK om en gs vas. Ryg rek deur gaatjies by middel en werk punte aan mekaar vas.

FAIR ISLE-PAKKIE

BENODIGDHEDE: Lister/Lee Target Baby Love DK (50-g-bolle); 200(200; 250) g blou (B), 1 bol elk geel (G) en wit (W); paar elk breinaalde van 3,25 mm en 4 mm; 5 knope; stuk smal rek vir broekie.

MATE: Knooptrui: Om borsmaat van 46(51; 56) cm te pas; synaat 15,5(17,5; 20) cm; lengte 26,5(30; 33,5) cm; mounaat 19,5(21,5; 23,5) cm; **broek:** binnebeennaat 22,5(24; 26,5) cm; lengte van kruis tot middel 17,5(18,5; 19) cm.

SPANNING: 22 ste en 28 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4-mm-breinaalde.

AFKORTINGS: r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek(steke); tes - tesame; vermeer - vermeerder deur twee keer in dieselfde steek te brei; vermin - verminder deur twee steke saam te brei; grn - garing rondom naald; ks - koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif - riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); alt - alternatiewe; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; weersk - weerskante; gl - glip.

KNOOPTRUI

AGTERPANT EN VOORPANTE (aaneengebrei tot mousgate): Met 3,25-mm-breinaalde en B, stel 139(151; 163) ste op en begin onewe rye met r 1 en ewe rye met aw 1, brei 2 rye rif.

Vlg (knoopsgat) ry: Rif tot 6 ste oorbly, heg 3 ste af, rif tot einde.

Vlg (knoopsgat) ry: Rif 3, draai, stel 3 ste op, rif tot einde.

Brei nog 7 rye rif.

Vlg ry: Rif 9, plaas dié ste op 'n haakspeld vir knoopsgatstrook, rif tot 9 ste oorbly, draai, plaas dié ste ook op 'n haakspeld (vir knoopstrook) — 121(133; 145) ste.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei 16-ry-pat soos volg in koussteek met slegs kleurbesonderhede uiteengesit. Draai garing aan agterkant ineen wanneer va. kleur verwissel word om gate te voorkom.

1e en 2e ry: B.

3e ry: 1 B, * 2 G, 1 B; herh van * tot einde.

4e en 5e ry: 1 G, * 2 B, 1 G; herh van * tot einde.

6e ry: Soos 3e ry.

7e en 8e ry: Deurgaans B.

9e ry: 1 B, * 2 W, 1 B; herh van * tot einde.

10e ry: 2 W, * 3 B, 3 W; herh van * tot einde, eindig laaste herh met 2 W.

11e ry: Soos 4e ry.

12e ry: Soos 3e ry.

13e tot 16e ry: Soos 12e ry, terug tot 9e ry, in dié omgekeerde volgorde.

Brei nog 17(23; 29) rye patroon.

Verdeel vir agterpant en voorpante: Vlg ry: Pat 26(28; 30) en plaas op 'n reserwenaald vir linkervoorpant; heg 6(8; 10) ste af, pat nog 56(60; 64) ste en plaas hierdie 57(61; 65) ste op 'n reserwenaald vir agterpant, heg 6(8; 10) ste af, pat tot einde en brei voort op hierdie 26(28; 30) ste vir regtervoorpant.

Regtervoorpant: Vermin 1 st aan mousgatrind in vlg ry en daaropvlg 3 alt rye — 22(24; 26) ste.

Brei nog 11(13; 15) rye pat — brei hier 10(12; 14) rye pat wanneer linkervoorpant gebrei word.

Halsvorming: Vlg ry: Heg 3(4; 5) ste af, pat tot einde.

Vermin 1 st aan halsrand in elk van vlg 4 rye — 15(16; 17) ste.

Brei 4(6; 8) rye pat.

Skouerfaskuinsing: Heg 8(8; 9) ste af aan beg van vlg ry — 7(8; 8) ste.

Brei 1 ry en heg af.

AGTERPANT: Met RK voor, heg garing aan 57(61; 65) ste op reserwenaald vas en vermin 1 st aan weersk van vlg ry en daaropvlg 3 alt rye — 49(53; 57) ste.

Brei nog 19(23; 27) rye pat.

Skouerfaskuinsing: Heg 8(8; 9) ste af aan beg van vlg 2 rye, heg daarna 7(8; 8) ste af aan beg van daaropvlg 2 rye — 19(21; 23) ste. Heg af.

LINKERVOORPANT: Met RK voor, heg garing aan 26(28; 30) ste op reserwenaald vas en brei soos uiteengesit vir regtervoorpant, let op verskille.

MOUE (2): Met 3,25-mm-breinaalde en B, stel 32(34; 35) ste op en brei 12 rye rif, vermeer 0(2; 4) ste eweredig gespasieer oor laaste ry — 32(36; 40) ste.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde, beg met r-ry en brei 4 rye ks.

Hou koussteekdeel deurlopend korrek en vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en daaropvlg 6(7; 8) 6e rye — 46(52; 58) ste.

Brei nog 3 rye ks.

Moukoppvorming: Heg 3(4; 5) ste af aan beg van vlg 2 rye, vermin daarna 1 st aan beg van daaropvlg 8 rye.

Heg 2 ste af aan beg van vlg 8(10; 12) rye — 16 ste — heg af.

KNOOPSGATSTROOK: Met RK voor, 3,25-mm-breinaalde en B, rif oor 9 ste wat op haakspeld aan voorpant gelaat is.

Brei nog 7(9; 11) rye rif.

Vlg (knoopsgat) ry: Rif 3, heg 3 ste af, rif tot einde.

Vlg (knoopsgat) ry: Rif 3, draai, stel 3 ste op, draai, rif tot einde.

Brei nog 16(18; 20) rye rif.

Herh laaste 18(20; 22) rye een keer, daarna 2 knoopsgatrye weer eens.

Brei nog 14(16; 18) rye rif.

Knip garing af en plaas ste op 'n haakspeld.

KNOOPSTROOK: Met VK voor, 3,25-mm-breinaalde en B, rif oor 9 ste op haakspeld aan regtervoorpant. Rif 1 ry, brei daarna voort soos uiteengesit vir knoopsgatstrook, laat knoopsgate weg maar moenie garing afknip nie.

HALSSTROOK: Werk skouernate toe. Met RK voor, 3,25-mm-breinaalde en B, rif oor 9 ste van knoopstrook, tel op en r 15(16; 17) ste van regterkant van halsrand, 19(21; 23) ste oor halsrand van agterpant, 15(16; 17) ste afwaarts aan linkerkant van halsrand, en laastens rif oor 9 ste van knoopsgatstrook — 67(71; 75) ste.

Brei 1 ry rif, brei daarna die 2 knoopsgatrye soos uiteengesit vir knoopsgatstrook. Brei nog 2 rye rif en heg af in rif.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk moue in mousgate vas. Werk knoopsgat- en knoopstrook in posisie vas. Werk knope in posisie vas.

BROEK

AGTERPANT VAN LINKERBROEKS-PYP: Met 3,25-mm-breinaalde en B, stel 20 ste op en brei 12 rye rif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde.

Vlg (vermeer) ry: * r 1, vermeer; herh van * tot einde — 30 ste.

Brei hier * r 2, vermeer; herh van * tot 2 ste oorbly, r 2 — 26 ste — wanneer voorpant van regterbroekspyp gebrei word.

Begin met 'n aw-ry en brei 17(13; 9) rye ks.

Hou koussteekdeel deurlopend korrek en vermeer 1 st aan weersk van vlg ry en daaropvlg 3(4; 5) agtste rye — 38(40; 42) ste.

Brei hier 34(36; 38) ste wanneer voorpant van regterbroekspyp gebrei word.

Brei nog 11(15; 13) rye ks — brei hier 12(16; 14) rye ks wanneer agterpant van regterbroekspyp en voorpant van linkerbroekspyp gebrei word. **

Kruisvorming: Heg 3 ste af aan beg van vlg ry en daaropvlg alt ry.

Brei 1 ry, vermin 1 st aan dieselfde gevormde rand in vlg 2 rye — 30(32; 34) ste. Plaas dié ste op 'n reserwenaald.

AGTERPANT VAN REGTERBROEKS-PYP: Soos uiteengesit vir agterpant van linkerbroekspyp; let op verskille en moenie garing afknip nie.

Brei met breinaald waarop steke van agterpant van regterbroekspyp gehou is, oor die 30(32; 34) ste van agterpant van linkerbroekspyp — 60(64; 68) ste.

Om ekstra lengte aan agterpant te gee: 1e (draai) ry: r tot 6 ste oorbly, draai.

2e (draai) ry: gl 1, aw tot 6 ste oorbly, draai.

Herh dié 2 rye nog 3 keer.

Vlg ry: gl 1, r tot einde.

Vlg ry: Deurgaans aw.

— Brei 35(37; 39) rye ks ▼.

*** Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei 5 rye rif.

Vlg (gaatjies) ry: * Rif 2, grn, aw 2 tes; herh van * tot einde.

Brei nog 3 rye rif en heg af in rif.

VOORPANT VAN REGTERBROEKS-PYP: Soos uiteengesit vir agterpant van linkerbroekspyp tot **, let op verskille.

Kruisvorming: Heg 2 ste af aan beg van vlg ry, vermin daarna 1 st aan dieselfde rand in daaropvlg 2 alt rye — 30(32; 34) ste.

Brei 1 ry. Knip garing af en plaas dié ste op 'n reserwenaald.

VOORPANT VAN LINKERBROEKS-PYP: Soos uiteengesit vir voorpant van regterbroekspyp, maar moenie die garing afknip nie. Met naald wat steke van voorpant van linkerbroekspyp bevat, brei oor die 30(32; 34) ste van voorpant van regterbroekspyp — 60(64; 68) ste.

Brei 36(38; 40) rye ks ▼.

Brei gaatjiesry soos uiteengesit vir agterpant vanaf *** tot einde.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk klein kruisnaatjies toe, daarna sy- en binnebeennate. Ryg rek deur gaatjies en werk eindpunte aan mekaar vas.

MUS

AANWYSINGS: Met 3,25-mm-breinaalde en B, stel 96(102; 108) ste op en brei 8 rye rif. Vermeer 1 st aan einde van laaste ry — 97(103; 109) ste.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en beg met 'n r-ry; brei 0(0; 2) rye ks, brei daarna 22 rye pat soos uiteengesit vir agterpant en voorpant van knooprui. Knip G en W af en brei

voort met B.

Brei 4 rye ks en vermin 1 st aan einde van laaste ry — 96(102; 108) ste.

Slegs 51- en 55-cm-groottes: Vlg ry: * r 15(7), r 2 tes; herh van * tot einde — 96 ste.

Brei 3 rye ks.

All die groottes: Kroontjievorming: 1e ry: * r 6, r 2 tes; herh van * tot einde — 84 ste.

2e ry: Deurgaans aw.

3e ry: * r 5, r 2 tes; herh van * tot einde — 72 ste.

Herh 2e en 3e ry nog 4 keer, brei telkens 1 st minder tussen vermin in elke herhaling van 3e ry — 24 ste.

Brei 1 ry aw.

Vlg ry: * r 2 tes; herh van * tot einde — 12 ste.

Vlg ry: * aw 2 tes; herh van * tot einde — 6 ste.

Knip garing af, maar laat 'n lang stuk draad oorbly. Ryg dit deur oorblywende 6 ste, trek stewig vas en werk vas.

AFWERKING: Moenie pars nie. Werk agternaat toe. Maak 'n klein blou pompon en werk dit bo-op mus vas.

OORKNOOPBAADJIE

BENODIGDHEDE: Pingouin Baby 4-draad, (50-g-bolle) 3(4; 5) bolle hoofkleur (H), 1 bol elk in drie verskillende kontras-kleure, A, B en C vir alle groottes; paar elk breinaalde van 2,75 mm en 3,25 mm; 4 knope.

ROOI ROSE, 7 September 1983 89

MATE: Om borsmaat van 46(51; 56) cm te pas; synaat 12(13; 14) cm; mounaat 14(16; 18) cm; lengte 23,5(25; 27) cm.

AFKORTINGS: r — brei regs; aw — brei aweregs; tes — tesame; st(e) — steek(steke); vermeer — vermeerder; vermin — verminder; ks — koussteek (= een ry regs, een ry aweregs); rif — riffelsteek (= een steek regs, een steek aweregs); weersk — weerskante; oorbl — oorblywende; pat — patroon; RK — regte kant; VK — verkeerde kant; vlg — volgende.

SPANNING: 29 ste en 35 rye = 10 x 10 cm.

AGTERPANT: Met 2,75-mm-breinaalde en H stel 70(78; 86) ste op en brei 18 rye rif.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei koussteek in kleurvolgorde soos uiteengesit. Draai garing aan agterkant van breiwerk ineen om gate te voorkom wanneer van kleure verwissel word.

1e en 2e ry: Deurgaans H.

3e ry: 2 H, * 2 A, 2 H; herh van * tot einde.

4e en 5e ry: Deurgaans H.

6e ry: Soos 3e ry, maar met B i.p.v. A.

7e en 8e ry: Deurgaans H.


9e ry: Soos 3e ry, maar met C i.p.v. A.

Dié 9 rye vorm die patroon. Brei nog 19(23; 27) rye pat.

Mouvorming: Hou patroon deurlopend korrek en stel 6(6; 8) ste op aan beg van vlg 8(2; 6) rye, daarna 8(8; 10) ste aan beg van daaropvlg 2(8; 4) rye — 134(154; 174) ste.

Brei nog 24(26; 28) rye pat.

BLAAI OM



OORKNOOP-
BAADJIE

VIR DIE KLEINSPAN

VAN BLADSY 89

Voltooi muurvorming en skouerafskuinsing: Hou patroon deurlopend korrek en heg 32(38; 44) ste af aan beg van vlg 2 rye vir muurvorming. Heg daarna 12(13; 15) ste af aan beg van vlg 2 rye en 12(14; 15) ste aan beg van daaropvlg 2 rye vir skouerafskuinsing — 22(24; 26) ste. Heg oorbl ste af.

LINKERVOORPANT: Met 2,75-mm-breinaalde en H stel 63(71; 79) ste op en begin onewe rye met r 1, en ewe rye met aw 1; brei 17 rye rif.

Vlg ry: Rif 5, plaas dié ste op 'n haakspeld vir voorpantrand, rif tot einde — 58(66; 74) ste.

**** Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei 3 rye pat soos uiteengesit vir agterpant.** Hou patroon deurlopend korrek om ooreen te stem met pat op agterpant en vermin 1 st aan voorpantrand in elk van vlg 16(18; 20) rye; vermin daarna 1 st in daaropvlg 4(5; 6) alt rye — 38(43; 48) ste.

Brei 1 ry — brei hier 2 rye wanneer regtervoorpant gebrei word, en vermin 1 st aan voorpantrand in 2e van dié rye **.

Muuvorming en voortsetting van afskuinsing van voorpantrand: Hou patroon deurlopend korrek en stel 6(6; 8) ste op aan beg van vlg ry en daaropvlg 3(0; 2) alt rye, stel daarna 8(8; 10) ste op aan beg van daaropvlg 1(4; 2) alt rye en vermin **terselfdertyd** 1 st aan voorpantrand in eerste van dié rye en 13(15; 17) daaropvlg alt rye — 56(65; 74) ste.

***** Brei nog 7(5; 3) rye pat — brei hier 8(6; 4) rye pat wanneer die regtervoorpant gebrei**

word.

Voltooi muurvorming en skouerafskuinsing: Hou pat deurlopend korrek en heg 32(38; 44) ste af aan beg van vlg ry. Heg daarna 12(13; 15) ste af in daaropvlg alt ry — 12(14; 15) ste.

Brei 1 ry en heg af.

REGTERVOORPANT: Met 2,75-mm-breinaalde en H stel 63(71; 79) ste op en brei 2 rye rif soos uiteengesit vir linkervoorpant.

Vlg (knoopsgat) ry: Rif 3, heg 2 ste af, rif nog 45(53; 61) ste, heg 2 ste af, rif tot einde.

Vlg (knoopsgat) ry: Rif tot einde, stel 2 ste op oor afgehegte ste van vorige ry. Brei nog 10 rye rif en daarna weer 2 knoopsgatrye.

Brei 1 ry rif.

Vlg ry: Rif tot 5 ste oorby, draai en plaas dié ste op 'n haakspeld vir voorpantrand.

Brei voort soos uiteengesit vir linkervoorpant van ** tot ** en let op verskille.

Muuvorming en voortsetting van voorpantrand: Stel 6(6; 8) ste op aan beg van vlg ry en 3(0; 2) daaropvlg alt rye. Stel daarna 8(8; 10) ste op aan beg van daaropvlg 1(4; 2) alt rye; vermin **terselfdertyd** 1 st aan voorpantrand in 2e van dié rye en daaropvlg 12(14; 16) alt rye — 56(65; 74) ste.

Brei voort soos uiteengesit vir linkervoorpant van *** tot einde en let op verskille.

RIFFELBOORD VIR MOUE: Werk eers boonste nate van moue asook skouernate toe. Met RK voor, 2,75-mm-breinaalde en H tel op en r 34(36; 38) ste eweredig gespasieer

oor ry-eindes van moue en brei 11 rye rif. Heg af in rif.

LINKERVOORPANTSTROOK: Met RK voor en 2,75-mm-breinaalde gereed, heg H aan 5 ste op haakspeld vas en brei rif tot strook lank genoeg is om, effens gerek, oor lengte van linkervoorpantrand tot by middel van halsrand op agterpant te pas. Heg af.

REGTERVOORPANTSTROOK: Met VK voor en 2,75-mm-breinaalde gereed, heg garing aan 5 ste op haakspeld vas en brei rif tot strook lank genoeg is om, effens gerek, oor lengte van regtervoorpantrand tot by middel van halsrand op agterpant te pas. Heg af.

AFWERKING: Stoom liggies. Werk sy- en onderarmnate toe. Werk knope in ooreenstemming met knoopsgate aan werk vas. Werk voorpantrandstroke aan voorpante vas. Werk ry-eindes by middelpunt van halsrand op agterpant aan mekaar vas.

STEWELTJIES

BENODIGDHEDE: Ongeveer 25 g DMC Crochet Nr. 5 vir een paar steweltjies; hekelpen van 2 mm;

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; hlb - halflangbeen; lb - langbeen; st(e) - steek (steke); herh - herhaal; vlg - volgende; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; sluit-gs - glipsteek om rondte mee af te sluit; p - picot (=3ks, 1kb in 1e ks); tr - trossie (=soveel langbene as genoem saam deurgetrek); weersk - weerskante.



Glenryck maak van

Watertand-seekosgeregte is kinderspeletjies as u die regte basiese bestanddeel het.

Glenryck Sardyne is uitsonderlik wat smaak én gehalte betref en daarom is die resultaat elke keer smullekker — of dit in 'n peuselhappie is of in 'n hoofgereg.

U sal trots wees op alles wat u met Glenryck kan maak.

Die Glenryck verhaal.

In 1940 het twee Kapenaars, Gerrie van Zyl en F.C. Jameson, vennote geword met die ideaal om topgehalte sardyne uit te voer.

Vier jaar later word "Glenryck" gebore. Maar hul groot ideaal is eers in 1951 verwesenlik toe die eerste Glenryck Sardyne na Brittanje uitgevoer is waar

dit spoedig 'n voorverkoperhandelsmerk geword het.

Vandag kry u in Suid-Afrika nog steeds dieselfde uitsonderlike gehalte in elke blikkie Glenryck.



Glenryck. Die voorste naam in seekosse.

Let wel: Die sool van alle steweltjies is dieselfde.

SOOL: Beginry: 21ks plus 1 draai-ks.

1e rondte: 3kb in 2e ks vanaf hekelpen, plaas 'n merker aan hierdie kant; 1kb in elk

van vlg 19ks, 3kb in 20e ks, 1 kb in elk van vlg 19 ks aan tweede kant van opstel-ks — 44kb.
2e rondte: * 2kb in elk van vlg 3 ste, 1kb in elk van vlg 19 ste; herh van * 1 keer — 50 ste.
3e rondte: * 2kb in 20e st, 1 kb in vlg 4 ste, 2 kb in vlg st, 1 kb in elk van vlg 19 ste; herh

van * 1 keer — 54 ste.

4e rondte: * 2kb in 20e st, 1kb in vlg 6 ste, 2kb in vlg st, 19kb; herh van * 1 keer — 58 ste.

5e rondte: * 2kb in 20e st, 8kb, 2kb in vlg st, 19kb; herh van * 1 keer — 62 ste.

BLAAI OM



Agterste ry, v.l.n.r.: Steweltjies met kantboordjies, met geel blokkies, met geel strepe. Voorste ry, v.l.n.r.: Geel skoentjies, wit skoentjies en lig-en-donkergeel steweltjies.

elke reseps 'n suksesverhaal.



Sardynse-Pizza

Deeg:
 225 g bruismeel
 3 ml sout
 50 g botter
 250 ml melk

Bolaag:
 2 tamaties, in dun skyfies gesny
 3 reipe spek, in stukkie gesny
 4 jongule, gekap
 30 ml kappertjiesaad
 1 x 425 g blik Glenryck sardyn
 in tamatiesous
 15 ml gekapte vars kruie
 125 ml gerasperde Cheddar-kaas

Sif die bruismeel en sout saam en vryf die botter in. Voeg die melk by en meng tot 'n sagte deeg vorm. Rol dit uit in 'n sirkel met 'n deursnee van 200 tot 225 mm. Plaas op 'n gesmeerde bakplaat en rangskik die tamaties, spek, jongule en kappertjiesaad bo-op. Plaas die sardyn bo-op en sprinkel die kaas en kruie bo-oor. Garneer met olywe. Bak ongeveer 20 minute by 220° C. Bedien dadelik. (Bedien 4 — 6)

Vir 'n gratis Glenryck resepteboekie, skryf aan: Sardynspens, Posbus 4239, Kaapstad 8000.

VIR DIE KLEINSPAN

VAN BLADSY 91

6e rondte: * 2kb in 20e st, 10kb, 2kb in vlg st, 19kb; herh van * 1 keer — 66 ste.**7e rondte:** 2kb in 20e st, 1 kb in elk van vlg 12 ste, 2kb in vlg st; werk voort in hlb om voornat van sool effens te laat opstaan, dus: 10kb, 9h1b, 2h1b in 20e st, 12h1b, 2h1b in vlg st, 9h1b, 10kb — 70 ste.**8e rondte:** * 2 kb in 20e st, kb in vlg 14 ste, 2kb in vlg st, 19kb; herh van * een keer — 74 kb.**9e rondte:** kb in agterkant van elke st sonder vermeer — 74kb.

MET GEEL BLOKKIES

SOOL: 1e tot 9e rondte: Soos uiteengesit.**BOSTUK:** Wit en geel vierkantjies van 2kb elk met geel en wit; hekel 2 rye, verspring dan kleure, hekel so voort tot 8 rye (dus 4 blokkiesrye) voltooi is.**Wreef:** Met wit, hekel 12kb in middel, hekel voort in kb-rye, heg steeds met 'n gs aan syrand vas voor omgedraai word; hekel 14 rye.**Gaatjiesry:** 1lb, 1ks, slaan 1 st oor, hekel voort in rondtes — oor 'n ewe aantal sps, hekel voort met: 3kb wit, 3kb geel, verspring die kleure elke ry vir 6 rye, heg af en knip garing af.

Hekel 1 rondte kb rondom rand van sool.

Eendjie: Draai garing om vinger en hekel 10 kb in ring, trek ring styf vas en sluit met gs:

9ks, 1kb in 2e ks vanaf hekelpen, 1h1b, 2lb in vlg st, 1lb in daaropvlg st, 1kb, 1gs. Heg af en knip garing af. Werk eendjie aan bostuk van steweltjie vas en borduur bek en pote met oranje garing.

MET KANTBOORDJIES

SOOL: 1e tot 9e rondte: Soos uiteengesit.**BOSTUK:** Hekel 4 rondtes kb, sonder vermeer.**Toonvorming:** Vou sool in lengte dubbel, merk 2 middelste ste aan voorkant, dan 8e steek links en regs daarvan; hekel nou vlg rondte.**14e rondte:** Vermin deur 1 st oor te slaan na eerste gemerkte steek, bokant middelste gemerkte st en voor 3e gemerkte st — hekel dan kb tot einde.**15e, 16e, 17e, 18e en 19e ry:** Soos gestel, maar met 3 vermin in middel. Om V-vormige ruimte aan wreef bokant middelste vermin op te vul hekel 3 rye heen-en-weer soos volg: **20e ry:** kb tot 3 ste voor middel: 1ks, (1lb, 2ks, 1lb) in middel-vermin, 1ks, slaan 3 ste oor, 1kb in 4e st, draai.**21e ry:** 1ks, (1lb, 2ks, 1lb) in 2-ks-sp, 1ks, slaan 3 ste oor, 1kb in 4e st, draai.**22e ry:** 3ks, (1lb, 3ks, 1lb) in 2-ks-sp, 3ks, slaan 3 ste oor, 1kb in 4e st, begin kantboordjie: * 3ks, slaan 2 ste oor, (1lb, 2ks, 1lb) in 3e st, 3ks, slaan 2 ste oor, 1kb in 3e st,

herh van * nog 5 keer, gs tot 1e kb, draai.

23e rondte: 1ks, * 2kb in eerste 3ks-sp, 5kb in middelste 3ks-sp, 2kb in derde 3ks-sp; herh van * rondom, sluit-gs.**24e rondte:** gs oor 2kb, * in vlg 5kb hekel: 2lb-tr, (2ks, 2lb-tr) 4 keer, 1ks; herh van * rondom, sluit-gs.**25e rondte:** gs tot in eerste 2ks-sp, * 1kb in 2ks-sp, (3ks, 1kb in vlg 2ks-sp) 3 keer, slaan 1ks-sp oor, herh van * gs in 1e kb.**26e rondte:** * 1kb in 1e sp, 3ks, (1lb, 3ks, 1lb) in 2e sp, 3ks, 1kb in 3e sp, herh van * rondom, sluit-gs.**27e rondte:** * 2kb in eerste 3ks-sp, 5kb in middelste 3ks-sp, 2kb in daaropvlg 3ks-sp; herh van * tot einde.**28e rondte:** Soos 24e rondte, maar hekel 1p tussen elke twee 2lb-trs in plaas van 2ks; herh rondom en knip garing af.

Hekel 1 ry kb of 1 ry krap-st rondom sool, steek hekelpen slegs in buitenste lus. Knip garing af. Borduur klein blommetjies op voorkant en ryg lint deur gaatjiesry.

MET GEEL STREPE

SOOL: 1e tot 9e rondte: Soos uiteengesit.**BOSTUK:** Hekel vir hierdie steweltjies in riwwe, d.w.s., steek hekelpen deurgaans in agterkant van elke steek in; hekel 3 rye wit, 1 ry geel.**Toonvorming:** Na 2e wit streep begin die toonvorming. Plaas 'n merker in middel aan voorkant, vermin dan aan voorkant deur 2 middelste ste van elke ry oor te slaan tot 4 geel strepe en 2 rye van die 5e wit streep voltooi is.

NA BLADSY 130

SPLINTER-NUUT!

DIE LIGHTNING-STEL SLEGS R9,95 (insl. GST)

TITAN CREATIONS bied vir die eerste keer in Suid-Afrika hul algeheel nuwe Lightning-reeks met silwervoorkeure, individueel of as 'n stel beskikbaar, teen die winskopiepryse (insluitende AVB) soos hieronder uiteengesit. As u van iets oorspronklik hou, iets weg van die gewone, dan is dit net vir u.

L.W.—Alle kopers sal gratis besonderhede van die **TITAN-BONUSSKEMA** ontvang deur middel waarvan hulle vir hulself groot winste kan verdien.

WAARBORG: Indien nie tevrede, stuur binne 14 dae onbeskadig terug aan Maurice Nicholasweg 16, Pinetown, vir volle terugbetaling.

BESTELVORM: Titan Creations, Posbus 2087, Pinetown 3600.

- a) Stuur.....Armbande teen R4,95 elk Middelmatig (vroue, kinders) ☐
Groot (mans) ☐
b) Stuur.....Hangertjies teen R3,95 elk. (Gratis kettinkie inasluit)
c) Stuur.....Paar Oorringe teen R2,95 per paar. (slegs gaatjiesore)
d) Stuur.....Stelle (al drie) teen R9,95 per stel Middelmatig ☐ Groot ☐
Armbandsrootte: (insluitende ekstra 55c vir posgeld)

Ek sluit in posorder/tjek vir R.....

NAAM.....

ADRES.....

TEL.....

Formule: Elke 100 g bevat: Kolofonium 17,5 g; Diachilon 17,5 g.



Traxa-salf trek en genees vinnig

Traxa is 'n beproefde treksalf wat van onskatbare waarde is in die behandeling van bloedvinte, giftige bytplekke, puisies, doring-steekplekke, insekbyte en allerhande soorte velontstekings. Vra u Apteker.



VIR DIE KLEINSPAN

VAN BLADSY 92

Gaatjiesry: Met wit, (1lb, 1ks, slaan 1 st oor) tot einde, draai; met geel, hekel voort in rif-st sonder vermin tot 3 wit strepe en 4 geel strepe voltooi is. Werk agternaat toe.

Koordjies: Hekel 'n ketting van ongeveer 40 cm, in 4e ks vanaf hekelpen hekel 8lb, werk terug met kb tot einde van ks, laat 'n stuk garing van ongeveer 40 cm en knip garing af. Ryg ketting deur gaatjies en hekel 8lb in laaste ks, heg af.

Plaas bostuk op sool en hekel 1 rondte gs deur altwee diktes, sool en bokant. Heg af.

Borduur paar blommetjies aan voorkant van steweltjies.

GEEL SKOENTJIES

SOOL: 1e tot 8e rondte: Soos uiteengesit. **Vlg ry:** 74kb, draai; hekel 1 rondte in agterste lusse, draai.

BOSTUK: Hekel nog 'n rondte kb in agterste lusse, dan 4 rondtes kb, eindig in middel van hak.

5e rondte: 16kb, 3ks, (1ks, slaan 1 st oor, 1lb in vlg st, 1ks) 20 keer, nog 2ks, slaan 1 st oor, 1kb in elke vlg st rondom enkel, 3kb in 1e sp.

6e ry: 3ks, (slaan 1 sp oor, 1lb in vlg sp, 1ks) 9 keer, 1lb in sp, 2 draai-ks.

7e ry: (1lb, in sp, 1ks, slaan 1 sp oor) 4 keer, 1lb in vlg sp, draai.

8e ry: 5ks, slaan 4sps oor, 3kb in elk van vlg

3sps, hekel kb om hak, 3kb in vlg 3sps, 5kb in 5ks-sp; **maak nou 'n flap om enkel-bandjie in posisie te hou:** 12ks, gs vas aan 3e van 5kb, draai, hekel kb oor vlg 5ks, 7ks, gs vas aan 1e van 5kb, draai, 9kb in ks-sp, kb bo-op flap, 9kb in vlg ks-sp, gs vas aan basis en knip garing af.

Enkelbandjie: Begin tel vanaf middel van hak, merk 12ste links en regs daarvan, kb oor dié 24ste en hekel 24ks aan einde daarvan, draai; kb oor ks en 24kb, draai; kb tot laaste 6ste, 3ks, slaan 3ste oor, draai; kb tot einde, knip garing af en werk netjies af. Werk knoop teenoor knoopsgat aan.

WIT SKOENTJIES

SOOL: 1e tot 9e ry: Soos uiteengesit.

BOSTUK: Hekel soos uiteengesit vir steweltjies met kantboordjies tot 19e rondte voltooi is.

Vlg ry: Slaan aan weerskante van middelste punt aan voorkant 8ste oor.

Begin 'n gaatjiesry: * 1lb, slaan 2ste oor, (2lb, 2ks, 2lb) in vlg st, slaan 2ste oor *; eindig met 1lb, draai.

Vlg ry: 1kb in elke lb en 2kb in elke sp.

AFWERKING: Ryg linte of koordjies deur gaatjiesry.

Hekel 'n ry kb rondom gemerkte rondte van sool.

LIG-EN-DONKERGEEL

SOOL: 1e tot 9e ry: Soos uiteengesit.

BOSTUK: Eerste stuk word in 2 dele gehekel, soos volg: 6ks, 5kb in ks, 2ks, draai, 5kb in ander kant van basisry.

2e ry: 1ks om te draai, hekel dan steeds in agterkant van lusse, 6kb, 2ks, 6kb, 1ks om te draai. Hou aan met vermeer aan albei kante tot 13kb aan weerskante.

Hekel die 2 kante afsonderlik tot 17 riwwe, d.w.s. 34 rye aan elke kant, voltooi is. Werk agternaat toe.

Hekel 1 ry kb rondom onderste rand, hekel dan sool vas met 1 ry kb deur altwee diktes.

Hekel 'n ry kb rondom boonste rand en begin enkelboordjie; slaan oor na 'n ligter kleur.

Vlg rondte: 4ks, * slaan 1 st oor, 1lb in vlg st, 1ks *, herh rondom, heg met gs aan 3e van 4ks vas.

2e rondte: * (2lb, 2ks, 2lb) in 1-ks-sp, slaan 1sp oor; herh rondom. Herh 2e rondte nog 4 keer.

Koordjies: Hekel 'n ketting van ongeveer 40 cm, in 4e ks vanaf hekelpen hekel 8lb, werk terug met kb tot einde van ks, laat 'n stuk garing van ongeveer 40 cm en knip garing af. Ryg ketting deur gaatjies en hekel 8lb in laaste ks, heg af. Plaas bostuk op sool en hekel 1 rondte gs deur altwee diktes, sool en bokant. Heg af.

NUUT
VAN EUROPA!



Hierdie uiters kragtige huishoudelike ISO-IONISEERDER verskaf 'n aanhoudende vloei van negatiewe ione in die lug en omvattende kliniese toetse by belangrike universiteitinstansies in Duitsland, die VSA, Switserland en Israel het bewys dat dit jou longe beter en makliker help asemhaal wat rustiger slaap bevorder. Hulle het vasgestel dat negatiewe ione die lug skoonmaak en die meeste asemhalingsprobleme soos ASMA, EMFISEEM, HOOIKOORS, SINUSITIS, ROKERSKATAR en TOE-NEUS-SIMPTOME opklaar asook KOPSEER en SPANNING, want die PROSANA ISO-IONISEERDER neutraliseer nikotien, rookoorblyfsels, teermolekules en belangrikste van alles, atmosferiese stof, stuifmeel, bakterieë en fungusspore drasties, wat siekte- en allergiese simptome veroorsaak.

Tamheid en moegheid — wat deur tallose mense ondervind word — veroorsaak deur broeiende storms en weerveranderinge of ou, bedompige kantoorglug, verdwyn met die gebruik van die Prosana ISO-IONISEERDER en die risiko van oor-en-weer-infeksie word grootliks verminder. Prof. E.G. Sulman van die Hebreeuse Universiteit, Jerusalem, het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n Iso-Ioniseerder die gebruik van

Goeie nuus vir mense wat aan asma, hooikoors, sinusitis, hoofpyn en slaaploosheid ly.

Die rewolusionêre Switsers vervaardigde

Prosana Iso-Ioniser

wat jou lyding verlig is nou verkrygbaar.

antihistamien, slaappille, pyndoders en susmiddels aansienlik kan verminder en in baie gevalle heeltemal kan uitskakel.

Die elegant ontwerpte PROSANA ISO-IONISEERDER het geen bewegende dele wat kan slyt nie. Dis niks groter as 'n telefoon nie, werk op 220/40 Volt, gebruik slegs 50c se krag per maand en sal jou meer as 10 jaar se staatmakerdiens lewer. NOU KAN JY OOK JOU LYDING DOELTREFFEND VERLIG deur gebruik te maak van ons GRATIS TOETS: 'n GELDERUG-WAARBORG SONDER RISIKO. Afhangende van hoe ernstig die toestand is waaraan jy ly, sal merkbare verligting intree na 2-6 weke se gebruik van die PROSANA ISO-IONISEERDER. As daar nog geen voordeel is na 6 weke se gebruik nie, kan jy die toestel terugstuur vir 'n VOLLE TERUGBETALING van die koopprys.

Bestel jou PROSANA ISO-IONISEERDER vandag teen slegs R118,50, vir AVB, posgeld, hantering en die gratis IOON-EFFEK-boek wat verduidelik hoe lugelektrisiteit jou lewe en gesondheid beïnvloed.

Pos jou bestellings met jou naam, adres, poskode en R118,50 se tjek/posorders (indien KBA verlang, sluit R20,00 deposito in) aan **Prosana (Edms) Bpk. Posbus 7392, Johannesburg 2000. Tel: 786-1801.** (1ste vloer Centrepontgebou, Main-Pretoriaweg 24, Marlboro, Sandton).

Gratis literatuur op versoek.